Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

MA Kriminologie (01250185)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	180
Kontak	Prof F Steyn francois.steyn@up.ac.za +27 (0)124203734

Toelatingsvereistes

- Minimum toelatingsvereiste is ten minste 70% vir BAHons Kriminologie.

Addisionele vereistes

Reël vir ’n onderhoud met die departementshoof.

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 180

Kernmodules

Verhandeling: Kriminologie 890 (KRM 890)

Modulekrediete	180.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Afrikaans en Engels word in een klas gebruik
Akademiese organisasie	Maatskaplike Werk en Krim
Aanbiedingstydperk	Jaar

Module-inhoud

Onderwerp wat deur die leerder gekies is, moet onafhanklik nagevors word. Die aard van die studie moet oortuig dat die leerder oor die vermoë beskik om 'n navorsingsprobleem te identifiseer en na te vors. Omvattende verslag (100–150 bladsye) moet oor die goedgekeurde projek opgestel word. Ander vereistes: Gespesialiseerde kennis van Kriminologie as 'n dissipline, die analise, transformasie en evaluering van abstrakte data en konsepte. Die student moet in staat wees om toepaslike response te genereer ten einde kontekstueel-abstrakte probleme op te los. Onafhanklike beplanning, hulpbronbenutting en bestuur van die navorsing binne die parameters en funksies van die voorgestelde onderwerp van studie word verwag. Benutting van rekenaarprogramme vir analise en/of verslagskrywing word vereis.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.